**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Nommer al jou antwoorde presies soos op die vraestel.
- Werk NETJIES.
- BESIN en BEPLAN deeglik vooraf en benut die volle tydsduur van die vraestel.

---

AFDELING A
## LEESBEGRIP

### VRAAG 1

- Jy het die afgelope jare kennis gemaak met verskillende tipes nieliterêre tekste.
- Bestudeer die volgende leestekste in hierdie afdeling noukeurig en beantwoord die vrae wat daaroor handel.
- Nommer die vrae vir die afdeling in die middel van die bladsy en laat reëls oop tussen jou antwoorde.

**MOEDER NATUUR SE APTEEK**

**1** Deesdae verkoop baie apteke medisyne en vitamienaanvullings wat hoofsaaklik van plantekstrakte gemaak word. Maar het jy geweet dis nie net die mense wat moeder natuur se plante inspan vir medisyne nie? Diere doen dit ook! Dit laat ? mens wonder wat alles ons nie by die natuur kan leer oor die natuur se apteek nie ...

**2** Diere is almal dokters. Hulle kan ter wille van hul eie oorlewing in die natuur nie bekostig om siek te word nie, want dan word hulle maklik die prooi van ? roofdier en daar is nie ? dokter om te help nie.

**3** Baie diere eet plantsoorte om hulself naar te maak. Spesifieke soorte honde vreet spesifieke soort gras om naar te word sodat gifstowwe wat hulle kan siek maak vinniger uit hulle liggame kom.

**4** Troeteldiere soos honde en katte vreet ook graag aan koringgras omdat dit baie minerale en vitamiene bevat wat noodsaaklik vir hul gesondheid is.

**5** In die Afrika-land, Rwanda, maal gorillas ? sekere soort vulkaniese klip fyn tot ? poeier om maagpyn te verlig. Dit help om gifstowwe in hul liggame te absorbeer.

**6** Wetenskaplikes het agtergekom dat wilde diere sterk weerstand teen aansteeklike siektes het. Hulle dra ook betreklik min parasiete as ? mens in ag neem dat hul natuurlike omgewing dikwels wemel van parasietsoorte. Diere herstel oor die algemeen ook gou van beserings.

**7** Diere het nie net sommer sterker immuunstelsels nie, maar baie tref voorsorg voor hulle kan siek word en span die natuur hiervoor in.

**8** Wat vir die mens belangrik is om uit hierdie dieregedrag te leer, is dat baie diere deur voorsorg nasorg voorkom. Mense sluk baie keer pille wanneer hulle reeds siek is. Diere eet ook kos uit die natuur, terwyl die mens graag verwerkte kos soos wegneem-etes en lekkergoed eet. As hulle so baie van hierdie kos vreet dat hulle nie genoeg groente en vrugtesade en belangrike voedingstowwe inkry nie, raak hulle siek. Dit lyk asof diere ons een voor is met eetgewoontes. Vandag glo die meeste dokters dat ? dieet wat ryk aan natuurlike, onverwerkte kos is, baie siektes kan voorkom. Die spreekwoord "? Appel ? dag laat die dokter wag", is beslis waar.

**9** Mense glo al jare lank dat te veel rooivleis en volroom-suiwelprodukte nie gesond is nie, maar die Masai-mense van Afrika eet graag rooivleis. Hulle word nie so deur hartaanvalle geteister soos Westerlinge nie. Navorsers het gaan ondersoek instel hoekom dit so is en bevind die Masai is baie aktief en meng bitter kruie met hul vleis. Die kruie tree op as antioksidante en help dus om van skadelike stowwe ontslae te raak.

**(Verwerk uit: *Huisgenoot*, 25 November 2004)**

1.1 Wat het die mens en die dier volgens **paragraaf 1** in gemeen? (1)

1.2 Om watter rede is dit vir diere onwenslik om siek te word? (1)

1.3 Watter voedingswaarde het gras vir honde en katte? (1)

1.4 Hoe verwyder honde gifstowwe uit hulle liggame? (1)

1.5 As medikasie teen watter siekte word vulkaniese klip geëet? (1)

1.6 Noem TWEE dinge wat navorsers omtrent diere en hulle immuunstelsels ontdek het. (2)

1.7 Hoe verskil die mens en die dier se eetgewoontes volgens paragraaf 8 van mekaar? (2)

1.8 Wat word met **? appel ? dag laat die dokter wag** (par. 8) bedoel? (1)

1.9 Waarom het die eet van rooivleis nie ? negatiewe uitwerking op die Masai-mense nie? (1)
**(11)**

**ANTIOKSIDANTE HELP SELLE EN WEEFSEL BESKERM**

**1** Volgens navorsers kan genoeg antioksidante, hetsy dit deur die liggaam vervaardig of as ? voedselaanvulling geneem word, die verskil tussen siek en gesond beteken.

**2** ? Kragtige antioksidant wat ? verskil kan maak, is Procydin. Dit word van druiwepit-ekstrak gemaak.

**3** Dit help inflammasie beperk omdat dit sekere ensieme onderdruk wat by inflammasie betrokke is.

**4** Dit help om aarwande te versterk deur ensieme wat kollageen vernietig, te beperk. Kollageen is ? bousteen van are.

**5** Dit werk bloedplaatjieklomping teë. Bloedplaatjies is klein selletjies wat by die vorming van klonte betrokke is. Die risiko van klomping verhoog wanneer ons onder spanning verkeer.

**6** Dit help teen hartsiektes beskerm omdat dit vrye radikale neutraliseer.

**7** Help jou immuunstelsel om doeltreffend te funksioneer deur sover moontlik van gifstowwe ontslae te raak.

**(Verwerk uit: *Beeld*, 3 Maart 2005)**

1.10 Noem TWEE maniere hoe antioksidante in die liggaam verkry word. (2)

1.11 Watter vrug tree as die bousteen van Procydin op? (1)

1.12 Hoe kan jy jou immuunstelsel versterk? (1)

1.13 Wat kan die verskil tussen siek en gesond beteken? (1)

1.14 Om watter rede moet die liggaam kollageen inkry? (1)

1.15 Watter emosionele toestand is vir die vorming van klonte verantwoordelik? (Gee slegs EEN woord as antwoord.) (1)

1.16 Kies EEN woord wat die inhoud van hierdie teks die beste sal beskryf:

1.16.1 Informatief

1.16.2 Sarkasties

1.16.3 Ironies

1.16.4 Liries (1)

**(8)**

**EN**




(Uit: *Die Burger*, 2 Oktober 2003)

1.17 1.17.1 Hoe voel die meisie in die spotprent? (1)

1.17.2 Watter visuele bewys is daar vir jou antwoord in Vraag 1.17.1? (1)

1.18 Waarvoor het sy haar selfoon gebruik? (1)

1.19 Waarom kon die meisie slegs 100 oproepe van elke selfoon maak? (1)

1.20 Sê kortliks wat **Idol** in die spotprent beteken. (1)

1.21 Watter betekenis is opgesluit in die woorde **sy het nie rekening met die selfoonrekening gehou nie**? (1)

**(6)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

AFDELING B

**OPSOMMING / SAMEVATTING / PRÉCIS**

**VRAAG 2**

Lees die onderstaande teks deur en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.

**LET WEL:**

- Alle opdragte moet in volsinne uitgevoer word.
- Punte sal afgetrek word vir lengte-oorskryding.
- Meld na elke antwoord die getal woorde wat jy gebruik het.
- Begin elke sin op ? nuwe reël.

**1** In ? land met somer- sowel as winterreëngebiede reën dit amper altyd êrens in Suid-Afrika, en in nat weer moet jy versigtiger wees op die pad en beter konsentreer.

**2** Die grootste twee gevare is ? gladde oppervlak en swak sig.

**3** Gaan jou motor se bande vir veiligheid na – as die groewe op die loopvlak minder as 2 mm diep is, moet jy die bande dadelik vervang. En laat ? oogkundige jou oë een keer per jaar toets.

**4** Die groewe in die loopvlak het ? spesiale doel: Dit is so ontwerp dat water tussen die band en die padoppervlak verplaas word sodat die band stewig op die pad sit.

**5** Teen 100 km/h op ? nat pad verplaas die groewe honderde liters water per minuut. Hoe dieper die loopvlak is, hoe meer water word verplaas; hoe vlakker die loopvlak hoe minder water word verplaas en hoe groter die gevaar dat die voertuig kan gly.

**6** Goeie sig en sigbaarheid is net so belangrik. ? Motor se ruitveërs word dikwels afgeskeep. ? Voorruit wat jou sig belemmer, is ? veiligheidsrisiko; gaan dus gereeld jou motor se ruitveërs na en maak seker dat daar nie stof of olierigheid op is nie.

**7** Ruitveërs moet vervang word wanneer dit hard word weens blootstelling aan die sonse ultravioletstrale. Dit is ? oortreding om met ruitveërs te ry wat nie die voorruit deurlopend, eweredig en genoegsaam skoonmaak nie.

**8** Maak ook seker jy is vir ander motoriste sigbaar. Skakel jou hoofligte aan die oomblik dat sig in reënweer, mis of hael verswak en ook teen skemer. Moenie net jou parkeerligte gebruik nie; dit is onwettig en sal jou nie meer sigbaar maak nie.

**9** Handhaaf ? veilige volgafstand tussen jou en die voertuig voor jou sodat jy genoeg tyd het om uit te swenk, stadiger te ry of veilig tot stilstand te kom. In reënweer moet die afstand tussen jou en die voorste voertuig nog groter wees.

**(Verwerk uit: *Huisgenoot*, 17 Februarie 2005)**

2.1 Motoriste is aangewese op goeie sig veral tydens reënerige weer. Vat die DRIE maniere waarop hulle verseker kan wees van goeie sig saam in DRIE volsinne van altesaam **nie meer as 15 woorde nie**. Begin elke sin op ? nuwe reël. (6)

2.2 Vat die wenk oor volgafstande saam in EEN volsin van **nie meer as VYF woorde nie**. (2)

2.3 Voorsien die teks van ? gepaste titel van **nie meer as SES woorde** nie. (2)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

AFDELING C

## KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK IN KONTEKS

### VRAAG 3

**DIE SELFOON KLOP DIE DAMPIE**

Tieners rook deesdae blykbaar al hoe minder en praat meer oor selfone. Onlangse studies wat in die *British Medical Journal* gepubliseer is, dui daarop dat die afname in jeugdiges wat rook, toegeskryf kan word aan die heersende selfoongier.

Selfone vul waarskynlik die gaping wat voorheen deur sigarette gevul is. Deesdae bestee die jeug al hul geld aan lugtyd. Selfoonvermaak ding mee met sigarette en is die tieners se nuutste modestelling en manier om te rebelleer.

Anne Charlton, ? kundige oor tieners se rookgewoontes aan die Universiteit van Manchester in Brittanje, sê: "Dit gaan alles om die cool-faktor. Om ? selfooneienaar te wees, gaan nie net om oproepe te maak nie, maar dit is ook ? sosiale instrument." Dit strek sover as selfooneienskappe soos luitone, logo's, muurpapier, fotoboodskappe, speletjies en verskeie ander produkte.

eXactmobile, ? toonaangewende Suid-Afrikaanse selfoondiens en vermaakverskaffer, wys daarop dat sowat 3 miljoen artikels maandeliks van hul dienste in Suid-Afrika afgelaai word. Die syfers neem maandeliks toe.

Die ouderdomsgroep van diegene wat artikels aflaai, wissel van 10 tot 25 en die gemiddelde ouderdom is 18 jaar. Kliënte bestee gemiddeld sowat R18 tot R24 per maand, maar daar is ook baie kliënte wat meer as R300 per maand aan die dienste bestee.

**(Verwerk uit: *Rapport*, 20 Februarie 2005)**

3.1 Verander die sin, **Die selfoon klop die dampie.** (titel), sodat dit in die vorm van ? vraag is. Jy mag **geen** woorde byvoeg **nie**. (1)

3.2 Gebruik **klop** (titel) in ? sin sodat dit ? ander betekenis as in die teks het. (1)

3.3 Verduidelik in jou eie woorde wat jy onder die woord **tiener** (r. 1) verstaan. (1)

3.4 **Selfooneienaar** (r. 11) verwys na ? man. Watter woord sal jy gebruik vir ? selfooneienaar wat ? vrou is? (1)

3.5 Gee ? woord met die teenoorgestelde betekenis as **afname** (r. 3) deur slegs EEN WOORDDEEL met ? ander te vervang. (1)

3.6 Deesdae bestee **die jeug al hul geld aan lugtyd** (r. 6). Herskryf die sin maar begin met **Verlede jaar ...** (1)

3.7 ? Tiener **rebelleer** (r. 8) dikwels, hy / sy is dus ? (**rebelleer**). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.8 Anne Charlton is afkomstig van **Brittanje** (r. 10) sy is dus ? (**Brittanje**). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.9 ? Selfoon is ? sosiale **instrument** (r. 12). Baie selfone sal dus sosiale (**instrument**) wees. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.10 Die syfers neem **maandeliks** (r. 18) toe. Volgende jaar sal die syfers **elke week** toeneem. Verskaf EEN woord wat die sinsdeel **elke week** kan vervang. (1)

3.11 Kliënte **bestee** (r. 20) gemiddeld sowat R18 tot R24 per maand. Gee ? woord met min of meer dieselfde betekenis as **bestee**. (1)

3.12 Indien jy die getal **300** (r. 22) wil beklemtoon, kan jy dit in woorde skryf. Skryf die getal oor in woorde. (1)

**[12]**

## BEDEL – MOET NIE VERKOOP

In Johannesburg mag jy bedel waar jy wil, maar behoede jou as jy op ? straathoek koeldrank probeer verkoop. Dit is skynbaar hoe die koppe van die wetstoepassers in die Goudstad werk.

In die laaste maande het Johannesburgse metropolisie beslag gelê op derduisende bottels koeldrank en koelhouers van Coca Cola se sogenaamde Robo-smouse omdat hulle kwansuis munisipale regulasies oortree.

Duisende bottels van hierdie gekonfiskeerde koeldrank het intussen spoorloos weggeraak.

Maar aan die bedelaars wat langs hulle op dieselfde straathoeke aalmoese vra, word niks gedoen nie.

? Woordvoerder van die stadsraad het verlede week bevestig dat plaaslike wetgewing bedelary in ? openbare pad verbied. Maar anders as die regulasie wat bepaal dat straatsmouse nie die verkeer mag ontwrig nie, word die bedelary-regulasie blykbaar geïgnoreer.

"Dit is tog nie so ? groot misdaad om te bedel nie" – was die gelate antwoord van hoofsupt. Wayne Minnaar van die metropolisie op die vraag of daar dan ewe streng teenoor bedelaars en straatverkope opgetree word.

"Ons vra die bedelaars net om weg te gaan". Jy kan hulle beboet, maar die meeste van hulle het nie eens ? adres of ? identiteitsnommer nie. Dit is te moeilik om die wet af te dwing," was Minnaar se kommentaar.

Dis blykbaar baie makliker om teen koeldrankverkopers op te tree. Dokumente toon dat verreweg die meeste goedere waarop in die afgelope jaar beslag gelê is, aan hulle behoort. "Daar is drie pakhuise met gekonfiskeerde goedere by die raad. Een daarvan het net van ons produkte en 60% tot 70% van die goedere in die ander twee pakhuise is ook ons s'n. Volgens ons syfers is 10 000 botteltjies koeldrank net weg.

"Ons het al hoeveel keer gesien hoe hulle reguit by die ander verkopers en bedelaars verbystap om net op die koeldrankverkopers se ware beslag te lê," sê Deon van der Merwe, bestuurder van Deon's Cold Drink Wholesalers.

Hy verskaf reeds 5 jaar koeldrank aan 130 straatverkopers. "Elke verkoper verdien gemiddeld R2 000 p.m. Hulle was voorheen werklose mense, maar nou kan hulle vir hulle gesinne sorg," sê hy. ? Soortgelyke projek in Durban het onlangs ? toekenning van die Burgemeester gekry vir hulle bydrae tot werkskepping in die stad.

"Ons probeer al agt maande om die saak te beredder en die raad se samewerking te kry. Ons besef dit is ? probleem as mense sonder enige beheer op straathoeke saamdrom.

Dit is waarom ons voorstel dat alle straatverkopers soos ons ? ID-kaart dra en geregistreer word. Voordat ons vir hulle voorraad gee, doen ons ? sekerheids-klaring."

Sy verkopers deel nou pamflette uit om steun te werf vir hulle saak en so die raad te oorreed om straatverkopers te lisensieer.

**(Verwerk uit: *Rapport*, Desember 2003)**

3.13 Herskryf die sin **Bedel moet nie verkoop** (titel) sodat dit taalkundig korrek is. (1)

3.14 Onder watter naam staan **Johannesburg** volgens paragraaf 1 ook bekend? (1)

3.15 Hoe sal jy **Johannesburg** (r. 1) verkort? (1)

3.16 Hoe sal jy die woord **regulasies** (r. 6) in grepe verdeel indien dit aan die einde van die sin sou voorkom? Skryf al die moontlike grepe neer. (1)

3.17 Watter woord in r. 6 dui daarop dat die skrywer **nie saamstem** dat smouse die wet oortree nie? (1)

3.18 Verklaar wat met **die verkeer ontwrig** (r. 13), bedoel word. (1)

3.19 Wat is die betekenis van **mis-** in **misdaad** (r. 15)? (1)

3.20 ? Woordvoerder het **bevestig** (r. 11) dat die plaaslike regering bedelary verbied. (**Bevestig**) is verkry dat wetgewing bedelary verbied. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.21 "**Ons vra die bedelaars net om weg te gaan**" (r. 18). Herskryf Minnaar se woorde maar begin met **Minnaar sê** ______. (1)

3.22 **Bedelaars** (r. 9) is die meervoud van bedelaar. Daar word gepraat van een **stadsraad** (r. 11), maar baie ______. Verskaf die ontbrekende woord. (1)

3.23 Dit is **makliker** (r. 21) om teen koeldrankverkopers op te tree. Gee ? woord wat die teenoorgestelde as die vetgedrukte woord beteken. (1)

3.24 **Koeldrankverkopers** (r. 21) is ? samevoeging van twee woorde. Voeg op dieselfde wyse die volgende woorde tussen hakies saam: Die **(gesag + figure)** het beslag gelê op die koeldrankverkopers se botteltjies koeldrank. (1)

3.25 Herskryf: **Hy verskaf vyf jaar lank koeldrank aan 130 straatverkopers** (r. 30) oor, maar begin met die woorde: **Koeldrank** ______. (1)

3.26 ? **Werklose** (r. 31) persoon is ? persoon wat ______. Voltooi die sin sinvol. Lei jou antwoord van die vetgedrukte woord af. (1)

3.27 Skryf die afkorting **p.m.** (r. 31) in woorde uit. (1)

3.28 Deon van der Merwe is die **bestuurder** (r. 29) van Deon's Cold Drink Wholesalers. Watter titel sou jy hom gee indien hy ? vrou was? (1)

3.29 Die syfer **8** in woorde is **agt** (r. 35). Skryf die ander vorm van **agt** neer wat ook korrek is. (1)

3.30 Sy verkopers deel nou pamflette uit om steun te werf vir hulle klein **saak** (r. 41). Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

AFDELING D

**TAALVERSORGING**

**VRAAG 4**

- In hierdie afdeling moet jy die taalfoute korrigeer.
- Lees die onderstaande teks deur en beantwoord die vrae wat volg.

**HARMONIE IN DIE HUISGESIN**

Ouers – en veral broers en susters – kan soms ? regte pyn wees, maar met ? bietjie moeite kan jy met almal oor die weg kom. Volg ons gids vir harmonie in die gesin sodat jy vanjaar gelukkig en tevrede by die huis kan wees.

Onthou, jou ma en pa is nie net daar om vir jou kos te maak, jou kleure te was en jou te neem waar jy wil wees nie – hulle kan jou vriende ook wees. Moet hulle nie ignoreer en dan verwag hulle moet op aandag spring as jy iets nodig het nie. Praat met hulle!

As jy broers en susters het is dit onwaarskynlik dat jou ouers ? witbroodjie sal het. Dit beteken nie almal sal altyd presies dieselfde behandel word nie. Julle is almal individue en julle ouers sal julle wel soms different behandel.

As jy ? probleem het, kan jou ma net die regte mens wees om raad te vra, al is dit soms oor vernederende goed soos meisies, ouens of velprobleme.

Jou ouers sal dit baie waardeur as jy hulle soms ? bietjie bederf. Dit hoef nie ? fortuin te kos nie. Maak vir hulle ? koppie tee of koop vir hulle ? tjoklit.

As jy soms iets wil doen soos laat uitbly en jou ouers se nee, onthou dat hulle die base is en jy nie altyd jou sin kan kry. Moet nie vergeet om jammer te sê as jy iets verkeerds gedoen het nie – dit kan almal beter laat voel. En moenie dink dis onnodig om verskoning te vra net omdat hulle jou familie is nie!

Soms jy kan maar skiet gee. Jy kry dalk nie presies wat jy wou gehad het nie, maar as jy jou ouers halfpad ontmoet, kan dit wondere verrig. En as jy meer vryheid wil hê, onthou dat jy net die teenoorgestelde sal regkry as jy jou voete stamp of woedend wegstorm. Praat eerder met hulle – so sal jy wys jy word groot en hulle sal dan eerder na jou standpunt luister.

Probeer om met jou broer en suster deur die weg te kom. Ja, dit is soms moeilik, maar die gesinslewe kan baie stresvol wees as julle altyd stry. As jy dit nie regkry nie, bly vir ? rukkie onder hul voete uit tot humeure afgekoel het.

**(Verwerk uit: *Huisgenoot*, 21 Maart 2002)**

4.1 Gee die korrekte Afrikaanse woorde vir:

4.1.1 different (r. 9) (1)

4.1.2 tjoklit (r. 13) (1)

4.2 ? Fout ten opsigte van die KOMMA is tussen r. 7 en r. 9 gemaak. Skryf slegs die woord voor en na die komma neer. (1)

4.3 ? SKRYFTEKENFOUT is tussen r. 14 – r. 16 gemaak. Korrigeer. (1)

4.4 **ouers halfpad ontmoet** (r. 19) is anglisisties van aard. Skryf die sinsdeel oor in meer aanvaarbare Afrikaans. (1)

4.5 ? Fout ten opsigte van ONTKENNING is in r. 14 – r. 16 gemaak. Skryf die sin waarin die fout voorkom korrek oor. (1)

4.6 'n Woordordefout is in r. 18 – r. 20 gemaak. Skryf slegs die deel waarin die fout voorkom korrek oor. (1)

4.7 ? Foutiewe woordkeuse (VOORSETSEL) is in reël 23 gebruik. Skryf slegs die korrekte woord (voorsetsel) neer. (1)

4.8 Benewens bostaande foute is daar nog TWEE ander spelfoute. Skryf die woorde korrek oor.

4.8.1 r. 4 – r. 6 (1)

4.8.2 r. 12 – r. 13 (1)

**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [10]**

**TOTAAL: 75**

**EINDE**